# SUNRIDGE VANDAG — SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

27 August 2020

Dear Parents

Moving forward we are extremely proud of what we are achieving during these challenging times. When we communicated the challenges 25% of our learners had, we received a few negative comments. I must add that it definitely had people thinking and my staff took up the challenge with the support from parents and learners alike. We have brought this down to only 5% of our learners and we intend to work even harder. Our learners are responding to the challenges and in general we are back on track, as normal as it can be. We comply with regulations and the option of alternative days is the best in our humble view.

Scheduling a test/assessment series for this term and getting out of our own comforts zones, my staff have committed to completing this year as successfully and as normally as possible. The question on why we started well in advance of the date communicated by the Department of Education is not only that we were granted the deviation approval but also in what we intend to achieve for our learners.

This has got nothing to do with anything else other than what is best for our children. Again we might have different opinions on the matter but the results above clearly speak for themselves. Our attendance stands at 92% as more and more learners on our exemption list return to school.

We accept that the test/assessment series and time frames are tough but we need to keep our internal standard high. To keep all our learners on the same daily work planner we had to start our term on 13 August and with the 24 September being a public holiday we are faced with 25 September as a day which will cause an imbalance. We communicated this with our EDO and SGB and decided to utilize 24 and 25 September as days to work remotely (from home) for learners and staff - staff to finalize/prepare and learners to prepare for the test/assessment series. We will therefore schedule Monday and Tuesday, 28 & 29 September as revision days for learners to ask specific questions on work for the test/assessment series.

The school will be closed on the 24 (public holiday) and 25 September. Our support staff will be in to prepare and decontaminate our venues for the test/assessment series. This will ensure we are again deep cleaned in of support our compliance. Please plan and make arrangements accordingly.

The fact that we are on Level 2 does not take any risks away and we will at all times keep to regulations and apply them to all. We are proud of the support of our parents and the understanding of the challenges we all face while making sacrifices to successfully complete the academic year. I can assure you that the staff are dedicated and working hard to make the year as normal as possible.

Please keep safe at all times.

Sunshine greetings

M DE VRIES
Principal


RABIE TRUST




TAVCOR
SUZUKI




MasterCard VISA

Like
Find us on Facebook
Follow us on FACEBOOK!

SUNRIDGE VANDAG | SUNRIDGE TODAY

CONJUNCTI CRESCIMUS

27 Augustus 2020

Geagte Ouers

**Op hierdie stadium is ons uiters tevrede met dit wat ons gedurende hierdie moeilike tye vermag het. Ons het 'n paar** negatiewe aanmerkings ontvang oor die uitdagings wat 25% van ons leerlinge ervaar. Ek moet byvoeg dat dit baie mense tot nadenke gestem het en met die samewerking van ouers en leerlinge het my personeel die struikelblokke oorwin. Daar is tans slegs 5% van ons leerlinge wat uitdagings die hoof moet bied en ons is van plan om selfs harder te werk. Ons leerlinge het die bul by die horings gepak en ons is nou so normaal as moontlik op dreef. Ons voldoen aan regulasies en na ons beskeie mening is die reëling van alternatiewe dae die beste opsie.

**Met 'n beplande toets/assesseringsreeks hierdie kwartaal moes my personeel hul gemaksone verlaat en hulle daaraan toewy** om hierdie jaar so suksesvol en normaal moontlik te voltooi. Die rede waarom ons ver voor die datum wat deur die Departement van Onderwys vasgestel is, begin, is omdat ons nie slegs toestemming gekry het om af te wyk nie, maar ook omdat ons die beste vir ons kinders wil bied.

Dit is alles slegs in die beste belang van ons kinders. Ons mag weereens meningsverskille oor hierdie saak hê, maar die bogenoemde resultate spreek vanself. Al hoe meer leerlinge keer terug skool toe en ons staan tans op 92% bywoning.
Ons besef die toets/assesseringsreeks en tydraamwerke is veeleisend maar ons moet ons hoë interne standaarde handhaaf. **Ons moes op 13 Augustus terugkeer om sodoende al die leerlinge op dieselfde vlak te kry, aangesien 24 September 'n openbare vakansiedag is en ons moet daarop voorbereid wees dat 25 September dalk weer 'n wanbalans sal veroorsaak.**

Ons het met ons EDO en SBL gekommunikeer en besluit dat leerlinge en personeel op 24 en 25 September afstandonderrig sal doen (tuis). Personeel moet vir die toets/assesseringsreeks voorberei en dit finaliseer en leerlinge moet vir die toets/assesseringsreeks voorberei. Maandag (28) en Dinsdag (29) September sal dus as hersieningsdae gebruik word sodat leerlinge spesifieke vrae oor die werk vir die toets/assesseringsreeks kan vra.

Die skool is dus op 24 (openbare vakansiedag) en 25 September gesluit. Slegs ons ondersteuningspersoneel sal inkom om die lokale vir die toets/assesseringsreeks voor te berei en te saniteer. Dit sal dan verseker dat ons weer diepgereinig is om aan die regulasies te voldoen. Beplan asseblief en tref die nodige reëlings.

Die feit dat ons op Vlak 2 is, beteken nie dat die risiko verlaag is nie en ons sal steeds aan al die regulasies voldoen en dit toepas. Ons is dankbaar vir die ondersteuning van ons ouers en hulle begrip vir die uitdagings wat ons trotseer om die akademiese jaar suksesvol te voltooi. Ek kan u verseker dat die personeel toegewy is en hard werk om die jaar so normaal as moontlik te laat verloop.

Bly asseblief altyd veilig.

Sonskyngroete

M DE VRIES
Skoolhoof

RABIE TRUST




TAVCOR
SUZUKI




MasterCard VISA

Follow us on
FACEBOOK!

Like

## LEARNER ACHIEVEMENTS / LEERDERPRESTASIES

*If not a school event, official results must be emailed to wendy@sunridge.co.za within one week of the event.*
*Indien nie 'n skoolaktiwiteit nie, moet uitslae binne een week na wendy@sunridge.co.za gestuur word.*

**ECjCC:** The following learners were part of the ECjCC this year - Carmi Gerber, Zander Gerber, Inge Glaum, Lianie Grobler, Marlien Grobler, Liam Prinsloo, Karu Rademeyer, Pieter Rademeyer, Leah Swart, Makayla Terblanche, Mieke Terblanche, Daniella Venter and Lyla Vink.

**LASER RUN: Christian Theron** represented the Eastern Cape at the SA Laser Run Championships in March.




# CLASS PHOTOS/KLASFOTO'S
## 1 & 2 SEPTEMBER 2020



Class photos will be taken on 1 and 2 September and will be available in a collage form. Photos will be taken of one half of the class on 1 and the other half on the 2 September.
**Learners who are registered for distance education must please come in on 2 September. Time to be confirmed later.**
Children must please be neatly dressed (in civvies).
Details about ordering and payment will be communicated to parents later.

Die klasfoto's word op 1 en 2 September geneem en sal in collage-vorm beskikbaar wees. Foto's word van een helfte van die klas op 1 en die ander helfte op 2 September geneem.
**Afstandonderrig-leerlinge moet asseblief op 2 September inkom. Tyd sal later bevestig word.**
Kinders moet asseblief netjies aangetrek wees (civvies).
Besonderhede oor bestellings en betaling sal later aan ouers deurgegee word.




## CLOSING OF BANK ACCOUNT / SLUITING VAN BANKREKENING

*~ The following account will be closed in the next month ~*
*~ Die volgende rekening sal binne die volgende maand gesluit word ~*

~~Standard Bank~~
~~080 706 862~~
~~050017~~

***Please, only use the account below ~***
***~ Gebruik asseblief slegs die rekening hieronder ~***

**Sunridge Primary School /**
**Sunridge Primêre Skool**
**Standard Bank**
**Current Account / Tjekrekening**
**080 396 801**

## AS FROM DECEMBER 2020 WE WILL NO LONGER USE THE D6 COMMUNICATOR

# FOKUS AAN: *Marnéy Jooste*

**VROEË LEWE:** Ek is in Pretoria gebore en het daar grootgeword. Ek was in Laerskool Stephanus Roos en in Hoërskool Overkruin. Albei is baie groot skole van meer as 1500 leerders. Ek het in 2003 gematrikuleer en in 2004 B.com Ondernemingsbestuur aan Tukkies (Universiteit van Pretoria) gaan studeer. Na 3 jaar se studie en 1 jaar van werk het ek egter besef my passie lê beslis eerder in die onderwys (beide my ouers is onderwysers). Ek het toe my B.ed Intermediêre en senior fase, voltooi deur afstandstudie deur Pukke (Universiteit van Noord-Wes).

**GESINSLEWE:** Ek is in 2009 met Christo getroud wat ek op universiteit ontmoet het. Ons het 3 pragtige kinders. Christo 10, Cilliers 8 en Rieke 5.

**LOOPBAAN:** Ek het my loopbaan by Laerskool Stephanus Roos begin nadat ek 3 jaar daar as assistent onderwyser gewerk het tydens my studies. Ek het hier 4 jaar lank Engels eerste addisionele taal vir Gr 5 aangebied. In 2015 met ons derde kindjie op pad het ek egter besluit om die besige groot skool vir 'n rukkie te verruil vir 'n kleuterskoolpos by my ma se kleuterskool. Dit was 'n nuwe skooltjie wat ons saam opgebou het nl. Biekie skool. Ek het by die 4-5 jaar kleuters gewerk. Die vier jaar by die kleuterskool het my die kans gegun om ook meer tyd saam met my eie kinders te spandeer terwyl hulle klein was. In September 2019 het ons na Port Elizabeth verhuis en het ek in Oktober 2019 as Gr 6 onderwyseres by Sunridge begin.

**MYLPALE:** Leerderraad in beide laer-en hoërskool, Studenteraad op Tuks. In 2012 het ek die eerste netbalspan by Stephanus Roos afgerig en was ons Distrikswenners. Om 'n Mamma te word was een van my grootste en mees bevredigendste mylpale.

**INTERESSANTE FEITE OOR MYSELF:** Ek is 'n regte boekwurm en is mal daaroor om huise te restoreer. Ek en my man woon egter elke keer in ons "huis-projek" net om dit weer te verkoop wanneer ons klaar is. Ek is nie juis lief vir oefening nie.

**Beantwoord asseblief die volgende vyf vrae:**

1. **Wat was die ergste straf wat jy op skool ontvang het?** Toe ons op veldskool was en in die gietende reën moes oef eninge doen. Ek het na "ligte uit" vreeslik geskree oor die spinnekop in my slaapsak en natuurlik al my maats aanges teek om saam te skree.
2. **Het jy enige snaakse fobies?** Ek kan nie met oop kasdeure slaap nie. Ek hou glad nie daarvan om "vreemde" mense of plekke te bel nie - my ma het tot onlangs nog my haarafsprake gemaak.
3. **As jy 'n titel van 'n fliek vir jou lewe kon kies, wat sou dit wees?** "Eat, pray, love"
4. **Wat is die drie dinge wat jy nog wil doen in jou lewe?** Ek wil vir my man Las Vegas en vir my kinders Dinsney World gaan wys. Ek wil die wildebeesmigrasie in Kenya vanuit 'n lugballon beleef. Ek wil my droom huis laat bou.
5. **As jy enige superkrag kon kies, wat sou dit wees?** Om onsigbaar te wees wanneer dit my pas.





# PHOTO GALLERY / FOTOGALERY



















| Oktober 2020 Skoolgebaseerde Toetsreeks | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Dag** | **Graad** | **Vak** | | **Graad** | **Vak** | | |
| **Woensdag 30 Sept** | Gr 4 | Sessie 1 | Eksamenreëls | Gr 7 | Sessie 1 | Afrikaans Literatuur (30) | |
| | | Sessie 2 | Aardrykskunde (25) | | Sessie 2 | Aardrykskunde (50) | |
| **Donderdag 1 Oktober** | Gr 5 | Sessie 1 | Eksamenreëls | Gr 6 | Sessie 1 | Eksamenreëls | |
| | | Sessie 2 | Aardrykskunde (30) | | Sessie 2 | Aardrykskunde (40) | |
| **Vrydag 2 Oktober** | Gr 4 | Sessie 1 | Afrikaans (40) | Gr 7 | Sessie 1 | Tegnologie (70) | |
| | | Sessie 2 | Lewensvaardighede (50) | | Sessie 2 | Wiskunde Ondersoek (40) | |
| **Maandag 5 Oktober** | Gr 5 | Sessie 1 | Afrikaans (40) | Gr 6 | Sessie 1 | Afrikaans (50) | |
| | | Sessie 2 | Lewensvaardighede (50) | | Sessie 2 | Lewensvaardighede (50) | |
| **Dinsdag 6 Oktober** | Gr 4 | Sessie 1 | Engels (40) | Gr 7 | Sessie 1 | Engels Literatuur (30) | |
| | | Sessie 2 | Geskiedenis (25) | | Sessie 2 | Natuurwetenskappe (60) | |
| **Woensdag 7 Oktober** | Gr 5 | Sessie 1 | Engels (40) | Gr 6 | Sessie 1 | Engels (50) | |
| | | Sessie 2 | Geskiedenis (30) | | Sessie 2 | Geskiedenis (40) | |
| **Donderdag 8 Oktober** | Gr 4 | Sessie 1 | Wiskunde (25) | Gr 7 | Sessie 1 | Wiskundetoets (40) | |
| | | Sessie 2 | Natuurwetenskappe (30) | | Sessie 2 | Geskiedenis (50) | |
| **Vrydag 9 Oktober** | Gr 5 | Sessie 1 | Wiskunde (30) | Gr 6 | Sessie 1 | Wiskunde (40) | |
| | | Sessie 2 | Natuurwetenskappe (30) | | Sessie 2 | Natuurwetenskappe (40) | |

**Formele assesserings afgehandel voor die toetsreeks**

| | | |
|---|---|---|
| Tale | Graad 6<br>Graad 6 | Transaksionele Teks (10)<br>Opstel (20) |
| | Graad 4, 5 en 6<br>Graad 4, 5 en 6 | Visuele Teks (10)<br>Opsomming (5) |
| LO | Graad 7 | (Projek) Inhandigingsdatum 25 September 2020 (100) |
| EBW | Graad 7 | (Projek) Inhandigingsdatum 25 September 2020 (50) |
| KK | Graad 7 | (Projekte) Foto's en video teen 25 September 2020 (100) |

| October 2020 School Based Test Series | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Day** | **Grade** | **Subject** | | **Grade** | **Subject** | |
| **Wednesday 30 Sept** | Gr 4 | Session 1 | Exam rules | Gr 7 | Session 1 | Afrikaans Literature (30) |
| | | Session 2 | Geography (25) | | Session 2 | Geography (50) |
| **Thursday 1 October** | Gr 5 | Session 1 | Exam rules | Gr 6 | Session 1 | Exam rules |
| | | Session 2 | Geography (30) | | Session 2 | Geography (40) |
| **Friday 2 October** | Gr 4 | Session 1 | Afrikaans (40) | Gr 7 | Session 1 | Technology (70) |
| | | Session 2 | Life Skills (50) | | Session 2 | Maths: Investigation (40) |
| **Monday 5 October** | Gr 5 | Session 1 | Afrikaans (40) | Gr 6 | Session 1 | Afrikaans (50) |
| | | Session 2 | Life Skills (50) | | Session 2 | Life Skills (50) |
| **Tuesday 6 October** | Gr 4 | Session 1 | English (40) | Gr 7 | Session 1 | English Literature (30) |
| | | Session 2 | History (25) | | Session 2 | Natural Sciences (60) |
| **Wednesday 7 October** | Gr 5 | Session 1 | English (40) | Gr 6 | Session 1 | English (50) |
| | | Session 2 | History (30) | | Session 2 | History (40) |
| **Thursday 8 October** | Gr 4 | Session 1 | Maths (25) | Gr 7 | Session 1 | Maths Test (40) |
| | | Session 2 | Natural Sciences (30) | | Session 2 | History (50) |
| **Friday 9 October** | Gr 5 | Session1 | Maths (30) | Gr 6 | Session 1 | Maths (40) |
| | | Session 2 | Natural Sciences (30) | | Session 2 | Natural Sciences (40) |

**Formal assessments completed before test series**

| | | |
|---|---|---|
| Languages | Grade 6<br>Grade 6 | Transactional Text (10)<br>Composition(20) |
| | Grade 4, 5 & 6<br>Grade 4, 5 & 6 | Visual Text (10)<br>Summary (5) |
| LO | Grade 7 | (Project) Submission date 25 September 2020 (100) |
| EMS | Grade 7 | (Project) Submission date 25 September 2020 (50) |
| CC | Grade 7 | (Projects) Photos and video by 25 September 2020 (100) |

# SUPPORT
## WHAT MATTERS MOST TO YOU

Link your **Woolworths** card and make sure that you help your favourite cause with every swipe you make

**LINK YOUR CARD IN 3 WAYS**

**1.** On: **myschool.co.za**
**2.** Call **0860 100 445**
**3.** Email: **cs@myschool.co.za**

**WE WILL NEED:**

1. Woolworths card number
2. ID number
3. The beneficiary's name
4. Your contact details




# MAAK 'N VERSKIL
## LAAT ELKE TRANSAKSIE TEL

**Koppel jou Woolworths kaart om te verseker dat die begunstigde van jou keuse daarby baat.**

**KOPPEL JOU KAART AS VOLG**

1. Webwerf: myschool.co.za
2. Skakel: 0860 100 445
3. Epos: cs@myschool.co.za

**Ons benodig die volgende:**

- ✓ Woolworths kaartnommer
- ✓ ID nommer
- ✓ Begunstigde
- ✓ Kontakbesonderhede



# ROUTE AROUND THE SCHOOL
# ENTRY & EXITS GATES

